**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

**DATUM: 6/6/05**

**SAAK No. CC 121/2002**

**ONRAPORTEERBAAR**

**DIE STAAT**

teen

**PETRUS JOHANNES GROVE** **Beskuldigde**

---

**UITSPRAAK : AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER**

---

**Van der Byl Wn R:**

[1] In hierdie saak het ens op 8 Mei 2003 die beskuldigde se appel teen sy skuldigbevinding op 'n aanklag van onsedelike aanranding in die landdroshof van Koster van die hand gewys.

[2] Voor ons dien nou In aansoek om verlof om teen hierdie afwysing van die beskuldigde se appel te appelleer.

[3] Ek ondervind twee probleme met die Kennisgewing van Aansoek om Verlof om te Appelleer *("die Kennisgewing").*

[4] **<u>Eerstens</u>**, is die Kennisgewing op 21 November 2003, di., meer as ses maande

na ons uitspraak, ingedien.

Geen aansoek om kondonasie vir die laat-indiening van die aansoek om verlof om te appelleer, is saam met die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer afgelewer nie.

Mnr. Spangenberg wat namens die beskuldigde opgetree het, het op 'n vraag aangedui dat hy onmiddellik na ons uitspraak destyds aansoek gedoen het om verlof om te appelleer, maar dat ons aangedui het dat die gronde waarop die aansoek gegrond is later skriftelik afgelewer moet word. Ons het nie so 'n herinnering nie, maar aanvaar onvoorwaardelik dat dit die geval kon gewees het. Op 'n vraag waarom dit na eers na verloop van ses maande gedoen is, het mnr. Spangenberg aangedui dat die Kennisgewing van Aansoek om Verlof om te Appelleer eintlik drie maande na die uitspraak ingedien is en dat drie maande nie 'n onredelike lang tydperk is nie. Geen redes is vir hierdie stelling deur mnr. Spangenberg verstrek nie.

Mnr. Spangenberg is duidelik verkeerd vir sover hy meen dat 'n tydperk van slegs drie maande sedert ons uitspraak verloop het. Soos ek reeds aangedui het, het ons uitspraak in hierdie saak op 8 Mei 2003 gelewer terwyl die Kennisgewing van Aansoek om Verlof om te Appelleer eers, soos reeds aangedui op 21 November 2003 geliasseer is.

Die aansoek om verlof om te appelleer, is duidelik 'n aansoek beoog in artikel 20(4)(b) van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (sien: *Prokureursorde van die Oranje Vrystaat*

.. ./ ...

v *Louw* 1989 (1) *SA 310* (0) *op 315A)* wat dit dan binne die kader van Reël 49 van die Eenvormige Hofreëls bring.

Vir sover mnr. Spangenberg hom daarop beroep dat hy wel ten tyde van die uitspraak aansoek gedoen het om verlof om teen die uitspraak te appelleer, steun hy waarskynlik op die bepalings van Reël 49(1).

Daardie Reël, vir sover dit vir huidige doeleindes ter sake is, lees so os volg:

> *"(1)(a) Wanneer verlof om te appelleer nodig is, kan dit, met opgaaf van die gronde daarvoor, ten tyde van die uitspraak* of *bevel aangevra word.*
>
> *(b) Wanneer verlof* om *te appelleer nodig is en dit nie ten tyde V8n die uitspraak* .... *aangevra is nie, moet binne vyftien dae nadat die bevel waarteen geappelleer word, gegee is, aansoek* om *sodanige verlof gedoen word en die gronde daarvoor verstrek word:* ..... ".

Dit is duidelik dat die Reël van en party wat verlof om te appelleer, moet verkry, vereis dat dit *"met opgaaf (Engels: '"statement) die gronde daarvoor"* gedoen moet word. Die gronde vir die beskuldigde se aansoek en allermins in die vorm wat dit in die Kennisgewing van Aansoek om Verlof uiteengesit is, was nie ten tyde van die uitspraak verstrek nie, vandaar die feit dat ons aangedui het dat die gronde waarop die aansoek gegrond is later ingedien moes word.

In hierdie omstandighede was die beskuldigde na my oordeel gebonde om dit binne die 15 dae tydperk vermeld in die Reël moes gedoen het. Indien dit nie so is nie, sal die Reël heeltemal omseil word indien en party by uitspraak aandui dat hy of sy wens teen die uitspraak te appelleer en daarna vry is om na verloop van enige tydperk en *"opgaaf*

*van gronde"* in te dien.

Na my oordeel moes die beskuldigde se aansoek om Verlof om te Appelleermet 'n aansoek om kondonasie gepaard gegaan het.

Vir hierdie rede alleen behoort ons nie die aansoek om verlof aan te gehoor het nie en die appel van die rei te geskrap het.

[5] Tweedens, is die Kennisgewing gebrekkig deurdat dit geen gronde of redes vir die bewering vervat in elkeen van die paragrawe van die Kennisgewing waarin daar aangevoer word dat ons of die landdros in die een of ander opsig fouteer het en is ons in die duister gelaat oor hoekom daar beweer word dat ons in die betrokke opsigte fouteer het.

Met betrekking tot die toepassing van Reël 49(1 )(b) van die Eenvormige Hofreëls is dit gevestigde reg dat In party wat wens teen In uitspraak of bevel te appelleer ingevolge die dwingende bepalings van daardie Reël duidelike en bondige redes waarop die aansoek om verlof om te appelleer, gegrond is in sy of haar kennisgewing moet aantoon.

In hierdie verband het die Hof in *Songomo v Minister of Law and Order* 1996 4 *SA 384* (OK) op **3851** soos volg beslis:

> *"It seems to* me *that, by* a *parity of reasoning, the grounds of appeal required under Rule* 49(1 *)(b) must similarly be clearly and succinctly set*

> *out in clear and unambiguous terms so as to enable the Court and the respondent to be fully and properly informed of the case which the applicant seeks to make out and which the respondent is to meet in opposing the application for leave to appeal.".*

Die Hof gaan dan voort en beslis op **386B** dat 'n kennisgewing wat nie aan die vereistes van Reël 49(1)(b) voldoen nie fataal gebrekkig is.

**In** *Van der Walt v Abreu* 19994 *SA* 85 *(W)* het die geleerde Regter die vereistes vir 'n geldige kennisgewing van appel ingevolge Reël 51 van die Landdroshofreëls op **94E** soos volg beskryf:

> *"(1) It must specify the details of what is appealed against (ie the particular findings of fact and rulings of law that are to be criticised on appeal as being wrong); and*
> *(2) it must also state the grounds of appeal (ie it must indicate why each finding of fact and ruling of law that is to,be to criticised as wrong is said to be wrong, for example because the finding of fact appealed against is inconsistent with some documentary evidence to the contrary; or because it is inconsistent with the oral evidence of one or more witnesses;* ....
> *Only when both of these requirements have been set out in* a *notice* of *appeal has* a *valid ground of appeal been disclosed according to the language of the Rule.* ".

(Sien ook: *Tzouras v SA Wimpy (Pty) Ltd* 1978 (3) *SA 204 (W), 205E).*

Soos ek die Kennisgewing lees, is ons heeltemal in die duister gelaat oor wat die presiese redes is waarop elkeen van die sogenaamde gronde in die Kennisgewing gemaak word.

Dit kom my dus voor dat, vir sover geen redes vir die gronde vervat in die Kennisgewing

aangevoer word nie, die Kennisgewing inderwaarheid In nietigheid is.

[6] Selfs indien die Kennisgewing met 'n aansoek om kondonasie vir die laatindiening daarvan vergesel gewees het en ondanks die gebreke in die Kennisgewing van Aansoek om Verlof om te Appelleer, meen ek dat hierdie saak geen vooruitsigte op sukses op appel het nie.

[7] In die Kennisgewing word daar aangevoer dat die beskuldigde wens teen ons uitspraak te appelleer op die *"feitelike- sowel as regsgronde"* wat soos volg opgesom kan word, naamlik -

(a) dat ons fouteer het deur nie te bevind dat die landdros in 16 opsigte fouteer het nie;

(b) dat ons self in 31 opsigte, waarvan sommige met die eerste van hierdie gronde oorvleuel, gefouteer het.

[7.1] Dit is opvallend uit die Kennisgewing dat die gronde nie net heelwat wyer gaan as die gronde op grond waarvan daar vanaf die landdroshof na hierdie Hof geappelleer is nie, maar dat sekere van daardie gronde nie nou weer herhaal word nie.

Die beskuldigde het na hierdie Hof geappelleer op grond daarvan -

(a) dat die landdros gefouteer het deur te bevind het dat die Staat bo redelike twyfel

bewys het dat die beskuldigde die misdaad van onsedelike aanranding gepleeg het (rekord p. 99, para 1);

(b) dat die landdros gefouteer het deur te bevind dat daar nie 'n onreëlmatigheid plaasgevind het nie omrede die staatsgetuie, me. Lizamore, met die staatsaanklaer gepraat het terwyl eersgenoemde onder kruisverhoor was (rekord p. 100, para 2);

(c) dat die landdros gefouteer het deur nie 'n nadelige afleiding teen die Staat te gemaak het nie deur te versuim om nie vir me. Elmarie Kirsten en mnre. Albert Burger en Fourie Smit as getuies te geroep het nie (rekord p. 100, para 3);

(d) dat die landdros gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die twee staatsgetuies nie alleen hulself maar ook mekaar wedersyds wesenlik weerspreek het (rekord p. 100, para 4);

(e) dat die landdros gefouteer het deur te veel gewig te geheg het aan die oënskynlike afwesigheid van 'n motief wat betref die twee staatsgetuies om die beskuldigde valslik te inkrimineer (rekord p. 100, para 5);

(f) dat die landdros gefouteer het deur nie mev. Monica Grove as 'n deskundige getuie te bevind het nie en nie haar deskundige opinie te aanvaar het dat me. Lizamore flou geval het nie (rekord p. 100, para 6);

(g) dat die landdros gefouteer het deur die beskuldigde se weergawe as vals bo redelike twyfel te verwerp het **(rekord p. 100, para** 7).

[7.2] Dit is op hierdie gronde wat ens die appel aangehoor en oorweeg het.

[7.3] Die grond opgesom in paragraaf (b) hierbo vorm nie meer deel van hierdie aansoek nie, terwyl die gronde vermeld in paragrawe 1.1, 1.3, 1.4, 1.5, 1.6, 1.7, 1.8 en 1.12 van die Kennisgewing nie in die oorspronklike kennisgewing van appel **(rekord pp. 99 tot 101)** vervat was nie. Dit kom in effek neer op In wysiging van die oorspronklike kennisgewing van appel waarop die landdros nie die geleentheid gebied was om te reageer nie. Die landdros het, 5005 blyk uit sy redes **(rekord pp. 85 tot** 98), puntsgewys met die gronde 5005 vervat in die oorspronklike kennisgewing van appel gehandel. Vir sover die landdros nie die geleentheid gebied was om daarop te reageer nie, is hierdie bykomende gronde na my oordeel ‘n onbehoorlike poging om ex *post facto* op verdere gronde die landdros se beslissing aan te veg.

[7.4] Die gronde opgesom in paragrawe (a), (e), (d), (e), (f) en (g) hierbo word in effek in paragrawe 1.2,1.9,1.10,1.11,1.13,1.14,1.15 en 1.16 van die Kennisgewing herhaal.

[7.5] Wat betref paragraaf 1.2 word daar aangevoer dat ens fouteer het deur te bevind dat die Staat die beskuldigde se skuld bo redelike twyfel bewys het. Hierdie grond is opsig self niksseggend vanweë die algemene aard daarvan en moet eintlik in samehang met die ander gronde van appel oorweeg te word .

[7.6] Wat betref paragrawe 1.9 en 1.10 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur nie te bevind het nie dat me. Annerie Burger haarself weerspreek het en dat me. Annerie Burger en me. Lizamore mekaar onderling weerspreek het. Die verskille in hierdie verband is (op p. 10, reël 5 ev en p. 16, reël 9 ev) in ons uitspraak hanteer en geëvalueer.

Geen rede word aangevoer waarom ons so sou gefouteer het nie en ek kan geen rede sien waarom 'n ander Hof tot In ander gevolgtrekking kan kom nie.

Wat betref beweerde weersprekings tussen getuienis, dink ek dat die gevleuelde woorde van Nicholas R (soos hy toe was) in 'n ongerapporteer saak van S v Khoza gedateer 11 September 1987 in die Witwatersrand plaaslike Afdeling hier toepassing kan vind:

> *"Different witnesses see the same incident from different vintage points and slightly different points* of *time. They may have different opportunities for observation. Again discrepancies may arise quite innocently because witnesses have different powers* of *observation. The impression may be coloured by different emotional states such as fear and their powers* of *recollection and their powers* of *description differ. The fact that there are discrepancies between the accounts* of *one witness and another does not in itself show that either* of *them is untruthful* or *unreliable* or *the case* of *the party calling them is built upon uncertain foundation.".*

(Sien ook: S *v Oosthuizen* 19823 SA 571 *(T), 576B-C;* S *v Mokoena* 1978 1 SA 229 *(0), 232F;* S *v Nyembe* 1982 1 SA 835 *(A), 842F-G;* S *v Bugwandeen* 19871 SA 787 *(N), 7891)*

[7.7] Wat betref paragraaf 1.11 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur te bevind het dat me. Burger sowel as me. Lizamore geen motief openbaar het om die beskuldigde valslik te inkrimineer nie. In hierdie verband is dit inderdaad so dat daar geen motief blyk waarom die klaagster so 'n aanklag teen die beskuldigde sou versin het nie. Wat me. Lizamore betref, is dit aangeroer dat die beskuldigde haar van 'n posisie in die kerk ontneem het, maar die landdros was tevrede dat dit duidelik uit die kruisverhoor geblyk het dat sy geen wrok teen die beskuldigde koester nie. Selfs al kan daaroor hier 'n suspisie wees is daar geen rede waarom die klaagster hierdie voorval sou versin het nie en haar aan die trauma van 'n verhoor van hierdie aard sou wil onderwerp nie.

Geen gronde word aangevoer waarom die landdros en ons in hierdie opsig kon fouteer het nie en ek kan geen rede sien waarom 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[7.8] Wat betref paragraaf 1.13 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur nie 'n nadelige afleiding teen die Staat te gemaak het op grond van die versuim om me. Aletta Burger en Dr. Kirsten as getuies te roep nie. Soos in die uitspraak (op p. 13, reël 20 ev) aangetoon is daar, soos aangedui in die *Mlambo-saak,* nie enige verpligting wat op die Staat rus om meer getuies te roep as wat na sy oordeel voldoende is om sy saak te bewys nie. Voorts regverdig die versuim om beskikbare getuies te roep, nie, soos blyk uit die *Msomi- en Francis-sake* waarna in die uitspraak verwys is, noodwendig 'n afleiding dat daardie getuies nie geroep is omdat hulle getuienis aan die Staat se saak afbreuk sou doen nie .

Trouens, as dit so was, sou In mens, siende dat die volle dossier tot die beskikking van die verdediging gestel was, verwag het dat die verdediging hulle sou roep. Die verskille tussen die klaagster se getuienis en die verklaring wat haar suster, me. Aletta Burger, afgelê het, is in elk geval in kruisverhoor aan die klaagster gestel en het die landdros daarvan kennis geneem. Geen verskille of 'n teenstrydige weergawe van Dr. Kirsten is aan enige van die getuies gestel nie. Trouens, daar blyk eerder uit die beskuldigde se getuienis self In element van waarheid in die getuienis van die klaagster te wees vir sover sy getuig het dat die beskuldigde se gedrag haar genoop het om haar teenoor Dr. Kirsten daaroor te bekla. Volgens sy eie getuienis het Dr. Kirsten hom agterna kom vra om hom te kom sien by welke geleentheid daar toe In gesprek tussen hulle rondom die klaagster plaasgevind het.

Geen redes word aangevoer waarom ons hier sou fouteer het nie en ek kan geen rede vind om te bevind dat so In nadelige afleiding gemaak moes gewees het nie. Ook hier kan ek geen rede sien waarom In ander Hof tot In ander gevolgtrekking kan kom nie.

[7.9] Wat betref paragraaf 1.14 word daar aangevoer dat ens gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur nie te bevind dat die beskuldigde se weergawe redelik moontlik waar was nie. Soos aangetoon in die uitspraak (op **p. 6, reël 14 ev en p. 10, reël 20** ev) is die beskuldigde se verweer in effek In totale ontkenning wat in die totaliteit van die getuienis eenvoudig nie redelik moontlik waar kan wees nie (sien: S *v Mgedezi en Andere,* 1989(1) SA 687 (A, *703E;* S *v Van der Meyden,* 1999(2) SA 79 *(W), 80H-81B) .*

Geen gronde word aangevoer waarom die landdros en ons in hierdie opsig kon fouteer het nie en ek kan geen rede sien waarom 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[7.10] Wat betref paragraaf 1.15 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die beskuldigde se vrou, Monica Grove, 'n deskundige getuie was en deur nie haar getuienis te aanvaar het dat me. Christine Lizamore nie in die getuiebank flou geval het nie. Soos in die uitspraak (op p. **10,** reël 10 ev) aangedui, kon ons geen fout vind met die landdros se benadering in hierdie verband nie, naamlik, dat hy tevrede is dat haar floute behoorlik in kruisverhoor getoets is, dat die getuienis van beskuldigde se vrou irrelevant met betrekking tot die verrigtinge is en dat sy in elk geval nie kon getuig oor die toestand van die getuie voordat sy flou geval het nie en totdat sy by die getuie gekom het waar sy in die getuiebank gele het, dat sy daarbenewens nie 'n deskundige op die siektetoestand waaraan die getuie Iy nie en dat die getuie ook nooit gekonfronteer oor wat me. Grove sou kom getuig nie en kon dus nie daarop reageer nie.

Geen gronde word aangevoer waarom die landdros en ons in hierdie opsig kon fouteer het nie en ek kan geen rede sien waarom In ander Hof tot In ander gevolgtrekking kan kom nie.

[7.11] Wat betref paragraaf 1.16 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur die getuienis van die Staatsgetuies

.../ ...

te aanvaar en die van die beskuldigde te verwerp het.

Hierdie is 'n algemene grond wat ter sake is by die ander individuele gronde waarmee ek reeds gehandel het.

[8] Dit bring my by die gronde wat in paragrawe 1.1, 1.3, 1.4, 1.5, 1.6, 1.7, 1.8 en 1.12 van die Kennisgewing vermeld word. Soos ek reeds aangetoon het, is dit na my oordeel onbehoorlik om op hierdie wyse as't ware nuwe gronde teen die landdros se bevinding by die agterdeur in te bring in omstandighede waar die landdros nie die geleentheid gegee was om daarop te reageer nie. Ek is nietemin van oordeel dat daar ook op hierdie gronde geen vooruitsigte op sukses op appel is nie.

[8.1] Wat betref paragraaf 1.1 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur te bevind dat die skuldigbevinding teen die getuienis en die oorwig van die getuienis was.

Hierdie is 'n niksseggende grond wat miskien beoordeel word aan die hand van wat ons met betrekking tot die individuele gronde bevind het.

[8.2] Wat betref paragraaf 1.3 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur nie die getuienis van die Staatsgetuies behoorlik te analiseer of te evalueer het nie.

Hierdie grond is ewe-eens 'n niksseggende grond van algemene aard waarmee ons in

die afwesigheid van enige redes of gronde waarop die gegrond is, mee kan handel nie.

[8.3] Wat betref paragrawe 1.4 en 1.5 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur nie behoorlik in ag te neem dat me. Annerie Burger merendeels 'n enkel getuie en 'n kind was en nie die toets van toepassing op enkel getuies toegepas nie. Soos aangetoon in die uitspraak (op p. 9, reël 14 tot p.1 0, reël 1), het die landdros inderdaad haar getuienis met versigtigheid oorweeg vir sover haar getuienis alleen gestaan het.

Geen gronde word aangevoer waarom die landdros en ons in hierdie opsig kon gefouteer het nie. Wat die versigtigheidsreël by enkel getuies betref, kan ek net na die saak van In S v *Artman and Another* 1968 (3) *SA* 339 *(A)* Holmes JA verwys waarin Holmes AR hom in verband met enkel getuies op 341A-C soos volg uitgedruk het:

> *"I would add that, while there is always need for caution in such cases, the ultimate requirement is proof beyond reasonable doubt; and courts must guard against their reasoning tending to become stifled by formalism. In other words, the exercise* of *caution must not be allowed to displace the exercise* of *common sense.".*

In die lig van die getuienis as 'n geheel het die landdros uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom dat die Staat sy saak bo 'n redelike twyfel bewys het. Ek kan geen rede sien waarom en ander Hof met betrekking tot die hantering van die klaagster vir sover haar getuienis alleen staan tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[8.4] Wat betref paragraaf 1.6 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur nie te bevind dat me. Annerie

Burger haar getuienis op 'n onbehoorlike of onbevredigende wyse af te gelê het nie. Soos in ons uitspraak (op p. 21, reël 12 ev) aangedui, is dit duidelik dat die landdros die getuienis van me. Annerie Burger in besonderhede oorweeg het en teenoor die ander getuienis opgeweeg het.

Geen rede word aangevoer waarop hierdie stelling gegrond is nie. Ek kan geen rede sien waarom In ander Hof behoort te bevind dat die landdros of ons in hierdie opsig fouteer het nie.

[8.5] Wat betref paragrawe 1.7 en 1.8 word daar aangevoer dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur te bevind dat daar geen onwaarskynlikhede in die Staat se saak was nie en om die inherente onwaarskynlikhede in die getuienis van me. Annerie Burger en me. Christine Lizamore in ag te neem nie.

Geen onwaarskynlikhede word in die Kennisgewing uitgewys nie en ek is ook nie van enige onwaarskynlikhede bewus nie. Ook hier kan ek geen rede sien waarom 'n ander Hof behoort te bevind dat die landdros of ons in hierdie opsig fouteer het nie.

[8.6] Wat betref paragraaf 1.12 word daar aangevoer dat ens gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die landdros gefouteer het deur nie die beëdigde verklaring van die klaagster se suster, me. Aletta Burger, in ag te geneem het en nie te bevind het dat daar wesenlike weersprekings tussen die verklaring en die klaagster se getuienis was nie. Soos in ons uitspraak (op p.19, reël 22 ev) aangetoon, het die landdros bevind dat die verklaring van die klaagster se suster hoorsê-getuienis is en in elk geval nie onder

.../ ...

kruisverhoor getoets is nie en dat hy, behalwe om kennis van die verskille te neem, nie veel waarde daaraan kan heg nie.

Ek dink nie dat die landdros in hierdie opsig gefouteer het nie en dat 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom.

[9] Dit bring my by die gronde wat aangevoer word op grond waarvan ons andersins gefouteer het (para 2.1 tot 2.31 van die Kennisgewing).

[9.1] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.1, het ons te make met die algemene gevolgtrekking waartoe ons gekom het nadat ons al die individuele gronde van kritiek oorweeg het en ek kan bloot na ons motivering op daardie gronde verwys.

[9.2] Wat betref die grond uiteengesit in paragrawe 2.2 en 2.3, het ons te make met 'n grond wat oorvleuel met die grond uiteengesit in paragrawe 1.4 en 1.5 waarmee ek reeds in paragraaf [8.3] hierbo gehandel het.

[9.3] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.4, het ons te make met 'n bevinding wat die landdros gemaak het en waarmee ons in ons uitspraak (op p. 10, reël 5 even p. 11, reël 4) nie enige fout te vinde gehad het nie. Die landdros se bevinding in hierdie opsig was nie deur die gronde van appel gedek nie.

Hoe dit ook al sy, geen gronde word aangevoer waarom die landdros en ons in hierdie opsig kon gefouteer het nie en ek kan geen rede sien waarom 'n ander Hof tot 'n ander

gevolgtrekking kan kom nie.

[9.4] Wat betref die grond uiteengesit in paragrawe 2.5 en 2.6, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur in ons uitspraak (op p. 20, reël 3 ev.) te bevind dat me. Annerie Burger se ontkenning dat sy mededelings aan haar suster gemaak het so os vervat in haar suster se verklaring aanvaarbaar is en dat dit eerder dui op haar eerlikheid aangesien die verklaring meer verdoemend teen die beskuldigde sou wees en nie te bevind dat die mededelings 'n sogenaamde eerste rapport van die voorval was en dat die aanbieding van die getuienis van me. Aletta Burger noodsaaklik was vir die bewys van die Staatsaak nie.

Geen gronde word vir hierdie bewering in die Kennisgewing aangegee nie.

Dit word nie beweer dat die versuim om die klaagster se suster te roep enigsins enige besondere afleiding regverdig nie (sien: S *v Texeira 19803 SA* 755 *(A) op* 7648). Daar rus geen plig op die Staat om alle beskikbare getuies te roep nie (sien: S *v Rama 1966 2 SA* 395 *(A), 401;* S *v Kelly 19803 SA 301 (A), 310).* In die omstandighede van hierdie saak is daar na my oordeel geen rede om 'n nadelige afleiding te maak uit die feit dat die suster nie geroep is nie en allermins om te vind dat sy noodsaaklik was vir die bewys van die Staatsaak is. Sover ek weet, bestaan daar geen gesag vir so 'n beginsel.

Dit blyk ook nie uit die getuienis dat haar rapport aan haar suster 'n sogenaamde eerste rapport was nie. Sy het reeds sekere dele van die voorval aan me. Christine Lizamore gerapporteer en haar ongemaklikheid met die beskuldigde se aandag aan Dr. Kirsten

gerapporteer.

Ek kan gevolglik geen rede sien waarom "n ander Hof tot "n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[9.5] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.7, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te bevind (blykbaar op **p. 19, reël 3** ev.) dat die weersprekings tussen me. Annerie Burger se getuienis en haar beëdigde verklaring toegeskryf kan word aan die tydsverloop tussen die voorval, die aflê van die polisieverklaring en die aflê van getuienis.

Geen gronde word vir hierdie bewering in die Kennisgewing aangegee nie.

Dit was ook nie een van die gronde waarop daar vanaf die landdroshof na hierdie Hof geappelleer is nie.

Ons het in elk geval nie net bevind dat die verskille tussen haar getuienis en haar polisieverklaring aan tydsverloop toegeskryf kan word nie, maar ons het ook aangetoon dat dit onrealisties is om te verwag dat, gesien die verskillende soorte van ondervragings waaraan "n getuie hom of haar bevind, 'n getuie se eedsverklaring 'n presiese weergawe van sy of haar getuieverklaring moet wees.

Ek kan geen rede sien waarom "n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie .

[9.6] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.8, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die klaagster en me. Christine Lizamore se beskrywing van die voorval onwaarskynlik was nie.

Geen gronde word vir hierdie bewering in die Kennisgewing aangegee nie.

Ek kan, gesien die feit dat sy in breë trekke dieselfde getuienis as die klaagster afgelê het by die geleentheid toe die beskuldigde in die gebedskringetjie aan die klaagster se bors gevat het, nie begryp op welke gronde haar getuienis as onwaarskynlik bestempel kan word nie.

Ek kan geen rede sien waarom 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[9.7] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.9, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die aanbieding van die getuienis van Os. Kirsten noodsaaklik was, veral in die lig daarvan dat die klaagster getuig het dat sy sekere mededelings aan hom sou gemaak het en veral dat hy, volgens haar, 'n getuie was tot die onsedelike aanranding die Sondagoggend tydens groepsgebed.

Geen gronde word vir hierdie bewering in die Kennisgewing aangegee nie.

Vir dieselfde redes waarmee ons in paragraaf [9.7] hierbo gehandel het, is ek van oordeel dat daar geen rede bestaan waarom In ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie .

[9.8] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.10, word dit ons ten laste gelê dat ons fouteer het deur te bevind dat die verdediging vir me. Aletta Burger en Os Kirsten as getuies moes geroep het en dat ons deur so te bevind uit die oog verloor het dat die Staat die bewyslas dra om die skuld van die beskuldigde bo redelike twyfel te bewys.

Geen gronde word vir hierdie bewering in die Kennisgewing aangegee nie.

Hierdie bewering is in effek 'n herhaling van die bewerings waarna in paragrawe [9.4] en [9.7] hierbo gehandel is.

Vir dieselfde redes waarmee ons in paragraaf [9.4] hierbo gehandel het, is ek van oordeel dat daar geen rede bestaan waarom 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom.

[9.9] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.11, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te veel gewig te verleen het aan die gesprek tussen die beskuldigde en die klaagster wat betref die T -hempie wat sy aangehad het met die logo "V*irgin Active".*

Geen gronde word vir hierdie bewering in die Kennisgewing aangegee nie.

Ons uitspraak is nie gegrond op hierdie in isolasie gesien nie, maar is 'n faktor wat tesame met die ander handelinge wat die beskuldigde teenoor die klaagster verrig het,

verleen meer as voldoende gewig om tot die gevolgtrekking te kom dat die beskuldigde hom aan onsedelike aanranding skuldig gemaak het.

Ek kan geen rede sien waarom 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[9.10] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.12, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te bevind (blykbaar op p. 21, reël 15) dat die beskuldigde onnodige en oormatige aandag gedurende die naweek aan die klaagster geskenk het, terwyl daar nie getuienis in hierdie verband was nie.

Die getuienis saamgevat in ons uitspraak (op p. 17, reël 5 ev.) is meer as voldoende getuienis waarop ons tot hierdie gevolgtrekking gekom het.

Ek kan geen rede sien waarom 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan komn nie.

[9.11] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.13, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te bevind (blykbaar op p. 10, reël 1 0 ev.) dat ons nie bevind het dat die beskuldigde 'n gekwalifiseerde verpleegster, 'n deskundige getuie was en dat haar getuienis dat me. Christine Lizamore nie flou geval het nie, aanvaar kon word.

Geen gronde word vir hierdie bewering in die Kennisgewing aangegee nie.

Dit is duidelik dat mev. Grove nie 'n deskundige op die siektetoestand van die getuie is nie en dat haar getuienis in elk geval nooit aan die getuie gestel is nie .

.../ ...

Ek kan geen rede sien waarom *ʼn* ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[9.12] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.14, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur nie te bevind dat me. Christine Lizamore se flouvallery, opportunisties en gesimuleer was, veral gedagtig aan die feit dat dit tydens *ʼn* kritieke stadium in haar getuienis was.

Hierdie bewering hang saam met die bewering waarmee in paragraaf [9.11] hierbo gehandel is en die vraag na die geloofwaardigheid van die getuie waarmee reeds gehandel is.

[9.13] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.15, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur nie te bevind dat me. Christine Lizamore 'n motief gehad het om die beskuldigde valslik te inkrimineer nie.

Hierdie bewering hang saam met die bewerings rakende die getuie se geloofwaardigheid waarmee ons reeds gehandel het.

[9.14] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.16, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur die getuienis van me. Lizamore te aanvaar nieteenstaande haar toegewing dat sy nie seker was oor haar getuienis nie, deurmekaar was en probleme met haar geheue ondervind het.

Hierdie bewering hang ewe-eens saam met die bewerings rakende die getuie se

geloofwaardigheid waarmee ons reeds gehandel het.

[9.15] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.17, word dit ons ten laste gel8 dat ons gefouteer het deur nie bevind het nie dat me Christine Lizamore opportunisties was deurdat sy die verdaging in die verhoor gebruik het om haar getuienis aan te pas in In poging om die weersprekings en onwaarskynlikhede daarin te oorkom.

Hierdie bewering hang saam met die bewering waarmee in paragraaf [9.11] hierbo gehandel is en die vraag na die geloofwaardigheid van die getuie waarmee reeds gehandel is.

[9.16] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.18, word dit ons ten laste gel8 dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat me. Christine Lizamore se getuienis op die eerste geleentheid heeltemal onbetroubaar was nie, aangesien dit op haar eie versoek ge'ignoreer moet word.

Hierdie bewering hang saam met die bewerings rakende die getuie se geloofwaardigheid waarmee ek reeds gehandel het.

[9.17] Wat betref die grand uiteengesit in paragraaf 2.19, word dit ons ten laste gel8 dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die beedigde verklaring van me. Aletta Burger as getuienis voor die Hof was en dat daar wesenlike weersprekings tussen die verklaring en die getuienis van me. Annerie Burger was nie .

Ek het reeds in paragraaf [7.8] hierbo met dergelike bewerings gehandel.

[9.18] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.20, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur die getuienis van me. Christine Lizamore verkeerd op te som tot die effek dat die klaagster sy hand op die klaagster se bors geplaas het en toe sy hand op en af te beweeg, terwyl sy getuig het dat hy slegs aan die bors gevat het en spesifiek nie haar bors gevryf het nie, wat die getuienis van die klaagster weerspreek.

Hierdie bewering spreuk van loutere opportunisme. Die opsomming van die getuie se getuienis doen nie afbreuk aan ons bevindings sowel as die bevindings van die landdros.

Dit handel maar bloot met die geloofwaardigheid van die getuie waarmee ons reeds gehandel het.

[9.19] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.21, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat me. Christine Lizamore 'n motief gehad het volgens haar eie getuienis om die beskuldigde valslik te beskuldig.

Ons het reeds met hierdie bewering in paragraaf [7.7] hierbo gehandel.

[9.20] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.22, word dit ons ten laste gelê dat ons fouteer het deur nie te bevind het nie dat die versuim om me. Aletta Burger en Dr. Kirsten as getuies te roep 'n nadelige afleiding teen die Staat regverdig nie.

Ons het reeds met hierdie bewering in paragraaf [7.8] hierbo gehandel.

[9.21] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.23, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te bevind het dat die klaagster se getuienis dat die beskuldigde haar *"iets skuld"* te vereenselwig is met haar beëdigde verklaring dat die beskuldigde sou gesê het *"dis my beurt".*

Ons het nie so 'n bevinding gemaak nie, maar het dit alles in die konteks van die getuie se geloofwaardigheid oorweeg.

[9.22] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.24, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te bevind het dat die klaagster se ervaring van die voorval toe die beskuldigde sy geslagsdeel teen haar rug sou gedruk het dat *"hy dit nie bedoel het nie"* geregverdig kan word met 'n bevinding dat die beskuldigde haar opsetlik op die wyse onsedelik aangerand het.

Hierdie bewering is 'n verkeerde voorstelling van die feite. Dit is so dat die klaagster aanvanklik gedink het dat hy dit nie bedoel het nie, maar dat die verdere gebeure daardie naweek haar tot ander insigte gebring het.

[9.23] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.25, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die klaagster en me. Christine Lizamore mekaar wesenlik weerspreek het ten opsigte van die geleentheid, wyse en tydsduur waarop die beskuldigde aan die klaagster se bors sou gevat het.

.. ./ ...

Hierdie bewering hang saam met die geloofwaardigheid van die klaagster en me. Lizamore waarmee ek reeds gehandel het.

[9.24] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.26, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te bevind het dat geen gewig op die getuienis van die beskuldigde geplaas kan word nie, terwyl hy hom nie weerspreek het nie en moes bevind het dat sy weergawe redelik moontlik waar is en nie as vals bo redelike twyfel verwerp kon word nie.

Die landdros het bevind dat die beskuldigde se getuienis verwerplik is vir sover dit met die getuienis van die klaagster en me. Lizamore in stryd is.

Ek kan geen rede sien waarom "n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[9.25] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.27, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te bevind het dat die beskuldigde se weergawe op "n blote ontkenning neerkom, terwyl hy 'n gedetailleerde weergawe ten opsigte van die voorvalle gegee het.

Hierdie bewering hang saam met die bevindings rakende geloofwaardigheid van die beskuldigde aan die eenkant en van die klaagster en me. Christine Lizamore aan die anderkant. Die beskuldigde het inderdaad die inkriminerende handelinge waarvan hy beskuldig is blootweg ontken .

Ek kan geen rede sien waarom 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie.

[9.26] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.28, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur te bevind het het dat die beskuldigde se getuienis vals is, terwyl daar geen basis vir so 'n bevinding is nie.

Hierdie bewering is in effek dieselfde bewering as wat in paragrawe 2.26 en 2.27 gemaak is.

[9.27] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.29, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur die getuienis van die beskuldigde en die van sy getuie oorkrities te benader het.

Hierdie bewering is in effek dieselfde bewering as wat in paragrawe 2.26, 2.27 en 2.28 gemaak is.

[9.28] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.30, word dit ons ten laste gelê dat ons gefouteer het deur nie te bevind het nie dat die Staat se weergawe verdag was en dat die Staat gevolglik die pleging van die misdryf deur die beskuldigde nie bo redelike twyfel bewys het nie.

Hierdie grond is opsig self niksseggend vanweë die algemene aard daarvan en moet eintlik in samehang met die ander gronde van appel oorweeg te word .

[9.29] Wat betref die grond uiteengesit in paragraaf 2.31, word dit ons ten laste gelê dat ons fouteer het deur nie te bevind het nie dat die beskuldigde se weergawe redelik moontlik waar is nie.

Hierdie bewering is in effek dieselfde bewering as wat in paragrawe 2.26, 2.27, 2.28 en 2.29 gemaak is.

In die vooropstelling is ek van oordeel dat daar nie enige redelike vooruitsigte op sukses op appel is nie.

Bygevolg word die aansoek om verlof om te appelleer van die hand gewys.

............................
PC VAN DER BYL
WAARNEMENDE REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Ek stem saam

..................
H DANIELS
REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

NAMENS DIE APPLIKANT

ADV J P SPANGENBERG
In opdrag van:
JOSE VAN NIEKERK INGEL YF
PROKUREURS VIR APPLIKANT
*p/a* STOLTZ VAN HEERDEN
Duncanstraat 76 COLBYN
PRETORIA

NAMENS DIE STAAT

J J KOTZE
DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS